# Die Goddelike Patroon van die Lewe



Adrian
Ebens

# Die Goddelike Patroon van die Lewe

deur Adrian Ebens

**www.VadervanLiefde.com**

Maranathamedia.com

## INHOUDSOPGAWE


1. Die Soektog ........ 3
2. Die Appel wat Val ........ 5
3. Met die Son Bekleed en die Maan Onder Haar Voete ........ 8
4. Geestelike Kaart en Kompas ........ 12
5. Die Goddelike Patroon ........ 17
6. Die Stroom van Lewe ........ 24
7. Die "God van Hierdie Wêreld" en die Ontstaan van Opponerende Magte ........ 28
8. Sabbat vir die Siel: Om Innerlike Rus te Vind ........ 34
9. Die Nou Weg na die Goddelike Patroon ........ 38
10. Die Volgende Stap ........ 43



# 1. Die Soektog

In die laat sewentiende eeu het Isaac Newton die wonders van die hemelligame se werking ondersoek. Wat was die verhouding tusssen die hemelliggame terwyl hulle deur die hemele beweeg het? Kan daar dalk 'n eenvoudige universele wet wees wat hierdie verhouding verduidelik? Was dit 'n komplekse misterieuse stelsel buite die grense van ons verstandelike vermoëns? Wat het hierdie denkwyse in die gedagtes van Newton laat posvat? Was hy werklik deur 'n appel teen die kop getref wat hom die effek van swaartekrag laat ondersoek het? 'n Onlangse ontdekking in die argiewe van die Londonse Royal Society het die antwoord in 'n manuskrip geopenbaar en hierdie dokument het die biografie van Sir Isaac Newton se lewe geword.

> Omdat die weer lekker warm was het ons na die middagmaal in die skadus van die appelbome gaan tee drink. … Hy het my meegedeel dat hy in dieselfde situasie voorheen was toe die gedagte van swaartekrag by hom opgekom het. Dit was veroorsaak deurdat 'n appel uit die boom geval het terwyl hy alles oordink het. Hy het by homself gewonder hoekom sal daardie appel altyd loodreg grond toe val. …[1]

Die ondervinding met die vallende appel het 'n reeks gebeure tot gevolg gehad, dit het aanleiding gegee tot die publikasie van *Principia* waarin Newton die basiese beginsels van klassieke meganika en die drie universele wette van beweging

[1] http://www.newscientist.com/blogs/culturelab/2010/01/newton-apple-the-real-story.html

uiteengesit het. Hierdie wette beskryf die verwantskap tussen voorwerpe, die kragte wat op hulle inwerk en die gevolglike beweging. Newton het die Latynse woord *gravitas* (gewig) gebruik om die effek, wat later bekend sou word as swaartekrag, te beskryf, en het die universele wet van swaartekrag gedefinieer.[2]

Newton se *Principia* sou die wetenskaplike beskouing van die fisiese heelal domineer vir die volgende 300 jaar. Hy kon hierdie beginsels gebruik om die bane van komete, beweging van getye, en die voorkoms van die dag-en-nag-eweninge, wat die laaste oorblyfsels van die idee dat die aarde die middelpunt van die heelal was, verwyder het, te beskryf.[3] Die studie van die verwantskap tussen fisiese hemelliggame het ons idees omtrent die heelal verander, en dit het die menslike vermoë verbreed om te funksioneer binne ons wêreld en om die krag van ons wêreld in te span volgens die wette van swaartekrag.

Newton se soektog in verband met die hemelliggame is veroorsaak deur 'n gebeurtenis tussen aardse liggame. Die waarneming van 'n appel wat uit die boom val het by hom die vraag laat ontstaan omtrent die verhouding tussen die appel en die aarde en wat hulle na mekaar getrek het.

Waar ek staan aan die begin van die 21ste eeu is my gedagtes gestuur na 'n nuwe soektog, wat die verwantskap tussen geestelike liggame beskryf. As die beskrywing van die korrekte idees omtrent die verwantskap tussen fisiese liggame soveel wonderlike vooruitgang kon bewerk, wat sal die gevolg wees indien die verwantskap tussen geestelike aardse liggame korrek beskryf kon word? Met geestelike aardse liggame bedoel ek die verhoudings tussen die gedagtes van mans, vroue, en kinders, die verhouding tussen die mensdom en die goddelike gebied, en selfs verhoudings binne daardie gebied. Hier mag ons noem dat Newton se waarneming gemaak is binne die aardse gebied, maar hy vind die antwoord in die hemelruim.

Laat ons ons soektog begin vir die universele wet wat geestelike liggame beheer.

---

[2] https://en.wikipedia.org/wiki/Issac_Newton#Mechanics_and_gravitation
[3] Ibid

# 2. Die Appel wat Val

Terwyl ek vir ‘n christelike organisasie gewerk het, was ek in ‘n posisie waar ek in kontak gekom met die gevolge van seksuele misbruik. Die waarneming van die trauma wat hierdie persone deurmaak het deel gevorm van my groeiende bewustheid van hoeveel pyn binne die gemeenskap bestaan. In my oomblikke van stilte het ek dit bevraagteken hoe dit moontlik is vir Christene om deel te wees van so groot verloëning van vertroue, want sommige van hierdie slagoffers is misbruik deur vertroude leiers in die kerk. Dit was ‘n gedagte wat in my hartgeanker was. Hoe kon iemand wat glo in Christus en ‘n gerespekteerde leier is toelaat dat hierdie dinge gebeur, nie net op klein skaal nie, maar met skokkende gereeldheid?



Op ‘n latere geleentheid het ek ‘n desperate telefoonoproep ontvang. Ek het geweet ek moes gaan hulp verleen. Twee lede van die Christelike gemeenskap waarin ek gedien het, was in ‘n hewige argument betrokke. Toe ek opdaag, het ek die lawaai gehoor en gebid vir wysheid en genade. Daar was vrees in die kinders se oë terwyl die ouers hulle bitterheid teenoor mekaar uitgestort het. By die kerk sou jy nooit kon droom dat so iets moontlik was nie. Die situasie is daardie aand ontlont, maar dit het iets diep binne my aangesteek.

Die statistieke wat handel oor egskeiding en seksuele misbruik, wat ek gedurende my opleiding bestudeer het, het ek onthou. Hierdie statistieke het nou verskeie gesigte en name gehad. Die erns van die situasie is aangevuur deur brutale feite. Ek het toe die tyd onthou toe die appel in my gedagtes geval het, met die gedagte:

*Iets is verkeerd. Ons het nie die antwoorde nie*, het ek gedink. 'n Geïsoleerde geval hier en daar kon ek nog verduidelik, maar nie die statistieke voor my nie: huidiglik is een uit tien kinders 'n slagoffer van seksuele misbruik.[4] Binne die organisasie waarvoor ek gewerk het, was die egskeidingsyfer so hoog as 28% en die huwelikskonflikte so hoog as 58% in sekere gebiede.[5]

Ek kon net nie die syfers ignoreer nie. Ek moes 'n betekenisvolle antwoord kry vir die afname in gesonde familie- en gemeenskapsverhoudings. Hierdie aangeleentheid is gekompliseer deur die hoë waarde wat meeste mense plaas op hulle gesinne, beide in die wêreld en in die kerk. Neem die volgende stellings in aanmerking:

> FAMILIE is die mees belangrike ding in die wêreld. – *Prinses Diana*.
>
> Die krag van 'n nasie lê in die integriteit van die huislike lewe. – *Confucius*
>
> Die gelukkigste oomblikke van my lewe is die tye wat ek by die huis was, minsame oomblikke saam met my gesin. – *Thomas Jefferson*.
>
> Koester jou menslike verbindings – jou verhoudings met jou vriende en jou familie. – *Barbara Bush*.

Hierdie sentimente hoor ek gereeld, en nogtans is daar soveel onenigheid, konflik en misbruik binne gesinne en gemeenskappe, sodat die vraag ontstaan: Wat is die kernbeginsels wat sterk, gesonde verhoudings sal kweek? Is daar 'n universele wet wat die roering van die hart beheer wat, indien korrek vertolk en toegepas, ons verhoudings sal harmoniseer en onenigheid en mishandeling verminder?

Soos Newton, is my gedagtes gelei na die verhouding tussen hemelliggame, op soek na 'n bloudruk of patroon wat die antwoord sou wees vir die vrae in my kop. My soektog het my baie verder gelei as wat ek verwag het, en dit is die rede vir hierdie

---

[4] Darkness to Light. End Sexual Abuse. www.d2l.org – statistieke vrygestel in Aug2013

[5] http://family.adventist.org/home--divorce-and-remarriage-in-the-seventh-day-adventist-church.html

boekie getitel *Die Goddelike Patroon van die Lewe*. Deur antwoorde te soekom die geheim tot suksesvolle verhoudings te vind, is ek blootgestel aan 'n eenvoudige werklikheid wat wysheid bring aan menige aspekte van die menslike ondervinding. Terwyl ek die strekking van hierdie beginsel oorweeg het, is ek terselfdertyd verstom en opgewonde oor die implikasies. Gebasseer op hierdie beginsels het ek 'n aantal eksperimente uitgevoer, met wonderbaarlike uitkomste.

As inleiding, laat ons ondersoek instel na die proses waardeur ons lewe ontvang. Die vader dra sy saad oor aan die moeder, wat 'n kind koester en dra in haar



baarmoeder, vanwaar sy geboorte gee. Die **aktiewe lewegewende bron**, die beginsel van ons vader, en die **passiewe koesterende kanaal,** die beginsel van ons moeder, spreek wysheid aan ons omtrent die wonderbaarlike patroon van die lewe, want dit is inderdaad hoe ons lewe ontvang binne die aardse sfeer. Die harmoniserende interaksie van bron en kanaal gee lewe. Die uitbreiding van hierdie eenvoudige beginsel en toepassing in elke aspek van ons lewe is die tema van hierdie boekie. Op hierdie reis sal ons ook nog 'n beginsel ontdek wat in stryd is met hierdie patroon van die lewe, 'n negatiewe beginsel wat hierdie patroon verwar en verkeerd voorstel en dit gee aanleiding tot hartseer, verwarring en die dood.

Laat ons ondersoek instel na die hemelliggame wat deel gevorm het van Newton se ondersoek vanuit 'n fisiese perspektief. Deur die verhouding tussen die son, maan en die aarde te ondersoek, fokus ons op aspekte soos lig, swaartekrag en die see se getye, in verhouding tot hierdie liggame.

# 3. Met die Son Bekleed en die Maan Onder Haar Voete





As jy op die rand van die Minas Bekken (Minas Basin) in Nova Scotia staan, terwyl die gety inkom, sal jy die geluid hoor wat “die stem van die maan” genoem word, in die vorm van 14 biljoen ton water wat in die bekken invloei. Hier kom die hoogste getye in die wêreld voor. Eers nadat Newton *Principia* gepubliseer het, is die wêreld bewus gemaak van swaartekrag se invloed op die son, maan en die getye.[6] Seemanne benodig ‘n goeie kennis van die beweging van die getye om suksesvol oor die see te vaar. Kennis omtrent die effek van swaartekrag van die maan het nie net die seemanne bevoordeel nie, maar ek het ook onlangs van ‘n ywerige branderplankryer verneem dat die beste branders voorkom met nuwemaan en volmaan. Hierdie verskynsel word springgety en dooiegety genoem.

> **Wanneer die aarde, maan en son in ’n reguit lyn lê**, dus met vol- en donkermaan, **werk die drie liggame se kragte saam** en is hoogwater hoër as gewoonlik en laagwater laer. Dit word springgety genoem.[7]

Wanneer die son, maan en aarde in een reguit lyn is, word groter swaartekrag op die aarde uitgeoefen, wat die oorsaak is van hoër getye, en groter branders. Al is die son se swaartekrag heelwat groter as die van die maan, is die maan heelwat nader geleë aan die aarde, sodat die maan se swaartekrag op die aarde amper twee maal so groot is as dié van die son. Die sleutel tot springgety is die reguit lyn gevorm deur die son, aarde en die maan.

---

[6] http://www.thehighesttides.com/what-causes-the-highest-tides.shtml
[7] http://home.hiwaay.net/~krcool/Astro/moon/moontides/




Die beraamde twee-weeklikse siklus van die getye het ‘n geweldige uitwerking op die see se organismes. Indien jy gaan swem in die Great Barrier Reef aan die kus van noordelike Queensland in Australië, omtrent 4 – 6 dae na ‘n sekere volmaan van die jaar, sal jy die grootste broeigebeurtenis van die planeet aanskou. Die koraal reageer op die interaksie tussen die gety en visspesies. Die vis maak gebruik van die groot uitgaande gety om hulle eiers mee te sleur na die relatief veiliger dieper waters. [8]

Die getye beïnvloed ook die dragtigheidsperiodes van sekere diere, soos werweldiere. Ook is die siklus van die vrou se menstruasie baie naby aan dié van maan se siklus.[9] Dus is daar ‘n paar bewyse dat daar ‘n verband is tussen vrugbaarheid en reproduksie en die siklus van die maan.


Kan ons iets leer van die kringloop van die getye van die natuur? Kan die verhouding tussen die son, die maan en die aarde vir ons ‘n sleutelbeginsel leer omtrent die geheim tot ons geestelike verhoudings? Indien die sukses en vrugbaarheid van fisiese lewens herlei kan word na die kennis tot die ritmiese kringlope van die son, die maan in verhouding tot die aarde, watter lesse kan daarhieruit geleer word op geestelike gebied?

Voordat ons hieraan aandag gee, laat ons ‘n ander interessante verhouding omtrent die son, maan en aarde ondersoek. Die maan het nie sy eie lig nie. Dit is ‘n passiewe voorwerp. Die maan reflekteer slegs die lig van die son. Die son genereer sy eie lig; dit het ‘n aktiewe beginsel. Die aktiewe son en die passiewe maan werk saam om ‘n ritmiese invloed op die aarde uit te oefen. Weereens vra ons die vraag of daar enige

---

[8] http://www.greatbarrierreefs.com.au/coral-spawning/
[9] http://en.wikipedia.org/wiki/Tide#Biological_rhythms

lesse te leer is in die verhouding tussen die son en die maan wat tot ons spreek omtrent die ritme van ons geestelike lewens?





Oorweeg watl gebeur wanneer jy direk in die son probeer kyk? Die helderheid van die son verhoed jou om vir meer as ‘n paar sekondes daarna te kyk. Deur na die son te kyk kan jy jou oë beskadig. Is daar dan enige manier om die son waar te neem? Ja, ons kan die lig van die son aanskou deur direk na die maan te kyk, en daardeur word die gevaar om jou oë te beskadig, verwyder. Die lig van die son word gekanaliseer deur die middelaarswerk van die maan wat lig na ons weerkaats sonder enige gevaar van skade. Die vraag wat gevra moet word: “Is daar enige betekenis hierin?” Die bevelhebbende teenwoordigheid van die son is ‘n uiters belangrike komponent van alle lewe. Die strale van die son bring aan ons hitte en lig, en dit speel ‘n sentrale rol in die vrugbaarheid van die aarde. Indien ons nie respek het vir die son nie, kan dit ons baie skade aanrig. Weereens, is daar hier lesse vir ons te leer?

Toe die antieke profeet, Johannes, op die eiland Patmos, in die Middellandse See, gesit het, het hy ‘n groot wonder in visioen gesien :



En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre. Open 12:1.

Johannes beskryf die verhouding tussen die son, maan en die sterre en ‘n vrou. Sy staan op die maan. Dit is haar fondasie. Sy is geklee met die lig van die son, en het die lig van 12 sterre op haar hoof. Dit blyk dat sy in volle harmonie met die kringloop en tye van die son, maan en sterre is, en dat sy bewus is van haar verhouding daarmee. As ons in ag neem dat die boek Openbaring ‘n sterk geestelike tema dra, sal hierdie nie ook geestelike waarde inhou nie?

Voordat ons hierdie vrae beantwoord, moet ons die volgende vra, “Kan ons die geskrifte van die Bybel aanvaar as ‘n betroubare gids in geestelike sake?”

# 4. Geestelike Kaart en Kompas



Die Romeinse goewerneur, Pilatus, het al baie verhoorafwagtendes se gesigte bestudeer, wat in sy hofsaal voor hom gestaan het. Daar was iets heeltemal anders omtrent hierdie Man se gesig. Buite het 'n skare aangedring op Sy dood, en daar was absoluut geen vrees in die Man se oë nie. Pilatus was bekend met die gesigte van geharde kriminele, en die Man wat voor hom gestaan het, was beslis nie een van hulle nie. Sy edele voorkoms en kalm gees het die magistraat geboei. Hy het gepraat van 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld was nie, 'n koninkryk buite politieke oorwinnings en oorloë. Hy is beskuldig van 'n komplot teen die Romeinse regering deur gebruik te maak van die titel van die langverwagte Messias van die Jode.

> Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem. Joh 18:37

'n Koning wat getuig van die waarheid? Watter koning het al ooit van die waarheid getuig? Konings oorwin gewoonlik deur 'n magsvertoon van oorlog, misleiding, manipulasie en beheer. Daarna vra Pilatus die kritieke vraag, "Wat is waarheid?" Met ander woorde, "Hoe kan ons waarheid ken?"

Elke regdenkende mens het ‘n bron van gesag, ‘n godspraak van waarheid, ‘n plek of persoon waar hulle met vertroue die regte informasie vind omtrent hul realiteite van die lewe en die dood. Vir baie mense is hierdie bron hul eie gemoed. Wat hulle sien, hoor, ondervind en studeer is vir hulle genoeg om waarheid te bepaal. Hulle is oortuig dat die lens waardeur hulle kyk na die wêreld nie enigsins die beelde verwring nie.

‘n Vinnige oorsig van die reaksies van kinders wat gekonfronteer word met ‘n oortreding van die gesinsreëls, sal ons daarop wys dat die mens geneig is om die waarheid te omseil om ons omstandighede te pas. ‘n Ander voorbeeld is die manier hoe ‘n politikus die vrae van die media omseil om die kern van die probleem te ontwyk. Kan ons onsself vertrou as ons so geneig is om die waarheid te verdraai en te omseil wanneer dit ons pas?

Daar is mense in ‘n ander groep wat doodeenvoudig vertrou op die tradisies wat aan hulle oorgelewer word deur hul voorvaders. Hoe kan ons op onsself of op ons voorvaders vertrou vir absolute waarheid? Terwyl ons weet dat onsself geneig is om die feite te verdraai, kan dit wees dat dieselfde kan gebeur met dié wat ons voor gegaan het?

Met die mens se geneigdheid om te lieg, te mislei, te vergroot of te onderskat, hoe kan ons waarheid vind? Dit bring ons terug na Pilatus se vraag, “Wat is waarheid?” Voor hom het ‘n Man gestaan wat Homself heeltemal blootgestel het aan die toets. Hy het gesê dat Hy kom getuig het van die waarheid, en dit was Sy bewering dat Hy die Messias was wat gemaak het dat Hy maklik getoets kon word.

> Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? (16) En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. (17) Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. Matteus 16:15 - 17

Met die bewering dat Hy die Messias was, het Jesus Homself die onderwerp van die Ou Testamentiese profesieë aangaande die Messais gemaak. Al hierdie profesieë is honderde jare voor Jesus se tyd al neergeskryf.

Oorweeg net ‘n paar profesieë omtrent sy geboorte.

> Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. Gen. 49:10

Dit profeteer dat die Messias uit die stam van Juda sal kom.

> En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. Miga 5:1

Dit word ons ook vertel dat die Messias in Betlehem gebore sou word. Daar was twee plekke met die naam Betlehem in Israel, en dit identifiseer die plek as Betlehem Efrata.

Die volgende profesie is uitsonderlik aangesien dit die tyd aandui wanneer die Messias sou kom. Dit was hierdie profesie wat aan die wyse manne uit die Ooste die aanduiding gegee het om eer to kom betoon met die geboorte van die Messias.

> Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. (26) En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n vasbeslote verwoestings. (27) En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word. Daniël 9:25 – 27

Hierdie is slegs 'n paar van die baie, baie profesieë wat handel oor die Messias. Wanneer jy 'n bietjie navorsing doen oor hoe Jesus Chrustus almal vervul het sal jy die akuraatheid van die Skrifte ontdek. Een skrywer het die waarskynlikheid bereken dat een man aan 48 van hierdie profesieë sal voldoen.[10] Die kans was 1 uit $10^{157}$. Dit is een uit

10,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,
000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,

---

[10] Evidence that demands a verdict, deur Josh McDowell (1972), p.167.

000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000,000.



Om dit te vergelyk: $10^{137}$ is die benaderde hoeveelheid protone in die heelal. Nog ‘n voorbeeld sal wees om een sandkorrel te vind tussen al die beskibaare sand op die aarde en nog baie meer. Wat sal $10^{17}$ behels? Dit is ‘n baie kleiner getal. Stel jouself voor: die hele Frankryk word bedek met 1-Euro-munte, 60cm diep. Merk een muntstuk, meng al die muntstukke, en stuur ‘n persoon wat geblinddoek is om die munt met die eerste probeerslag te vind. Die waarskynlikheid is verbysterend, en dit is net die profesieë in verband met die Messias.

Daar is ander profesieë wat handel oor die opkoms en val van koninkryke wat in die boek Daniël gevind kan word, wat alles akkuraat vervul is. Sommige het verklaar dat dit onmoontlik is vir profesieë om so akkuraat te wees en dathulle geskryf was nadat dit plaasgevind het.



Die Dooiesee rolle, wat gevind is na 1946, bevat meeste van die Ou Testament geskrifte en is gedateer op ten minste 3 eeue voor Christus. Dit is duidelik dat die profesieë gemaak is ten minste 200 jaar voor Christus se tyd.

Geen ander persoon op aarde word gerugsteun deur hierdie vlak van waarskynlikheid nie. Geen ander boek kan aanspraak maak op die vlak van besonderhede as die Bybel deur die toekoms te voorspel nie. Hierdie akkuraatheid kan nie ontken word nie, tensy ons maak soos die politici wat die feite verdraai omdat dit ons nie pas nie. Ek nooi jou uit om die akkuraatheid van die Bybel deur die profesieë te ondersoek, veral dié van toepassing op Jesus Christus. Indien jy toegang het tot die internet, kyk gerus na die aanbieding "Bible Prophecy of Jesus, Just Another Man?" deur prof. Walter Veith.[11]

Wanneer ons die akkuraatheid van die profesieë in verband met die Messias in ag neem, is dit duidelik dat die dinge wat Hy ons vertel, en die dinge wat omtrent Hom vertel word in die Bybel, waardig is om van nader te ondersoek. Met die beginsels van die bron en kanaal wat ons tot dusver ondersoek het, laat ons nou die Bybel toelaat om die beginsel van die Patroon van die Lewe te verduidelik.

[11] https://www.youtube.com/watch?v=gdXbT5cII7U

# 5. Die Goddelike Patroon

Pilatus het Jesus ‘n kritiese vraag gevra. “Wat is waarheid?” As hy vir ‘n antwoord gewag het, het hy dalk die volgende antwoord gekry: “Ek is die weg, die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Johannes 14:6. Jesus praat van waarheid in terme van ‘n verhouding tot sy Vader. Hy is die weg na die Vader. By ‘n ander geleentheid, terwyl Jesus met sy dissipels gepraat het, het hy gevra:

> … Maar julle, wie sê julle is Ek? (16) En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. (17) Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. Mattheus 16:15- 17

Die antwoord op Pilatus se vraag is dat Jesus die waarheid is, en die sentrale punt van hierdie feit is dat Jesus die kanaal of weg tot die Vader is. Dit is die waarheid omtrent die Goddelike Patroon. Paulus definieer vir ons hierdie patroon:

> Tog is daar vir ons maar een God, die Vader <u>uit</u> wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus <u>deur</u> wie alles is, en ons deur Hom. 1 Korintiërs 8:6.

Ons vind die patroon direk ná die verwysing na die Vader en na Jesus Christus.

| Wese | Patroon | Definisie (Strongs se Konkordansie) |
|---|---|---|
| Vader | ἐκ<br>Uit Wie | ek, ex – ‘n primêre voortsetsel wat *oorsprong* (bron) aandui – die punt vanwaar beweging of aksie plaasvind. |
| Jesus Christus | δια<br>Deur Wie | Dia, *dee-ah'* – ‘n primêre voorsetsel wat die *kanaal* waardeur handeling plaasvind, aandui; Deur. |

Die fundamentele verhouding van die heelal is die ἐκ → δια , of in Afrikaans, Uit Wie, en Deur Wie. Die Vader is die bron van wat? “Alles.” Jesus Christus is die kanaal van wat? “Alles.” Hier vind ons die universele verhoudingsbeginsel wat alle dinge, selfs die lewe, insluit. Ons mag dit ook soos volg verduidelik, waar ζωη zoe die Griekse woord is vir lewe:

ἐκ→δια = ζωη

Bron → Kanaal = Lewe



Herinner jouself aan hoe die mens lewe ontvang. Die vader (ἐκ bron) dra sy saad oor aan die moeder (δια kanaal), en lewe word gegee. Dit is die geheim van die oorsprong van lewe soos beskryf in Genesis.

Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. (**22)** En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Genesis 2:21 -22

Wat is die verhouding tussen Adam en Eva? ἐκ→δια. Die bron van die spesies was in Adam (van wie). Vanuit hom het die lewende materiaal voortgekom om die kanaal van die menslike spesies te vorm, die vrou (deur wie). So vereis elke kind wat in die heelal gebore word 'n proses van ἐκ→δια (bron – kanaal) waardeur hy lewe verkry.

Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Genesis 2:23.

Met die hulp van die geïnspireerde Woord kan ons die geestelike verhouding van die hemelse Persone, die Vader en Sy Seun, aanskou. Deur die aanskouing van hierdie verhouding kan ons die universele wet van die hele skepping waarneem: ἐκ→δια bron-kanaal. Oorweeg nog 'n paar aanhalings uit die Skrif:

En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. (27) En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. Genesis 1:26, 27.

En vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het **deur** Jesus Christus. Efesiërs 3:9.

Alle dinge het **deur** Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (4) In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. Johannes 1:3, 4

God het alle dinge deur Christus geskape. Dit was aan Sy Seun wat Hy die woorde gespreek het: “Laat Ons mense maak na Ons beeld.” Die verhoudingsbeeld waarvolgens die mens geskape is, was die verhouding tussen die Vader en Sy Seun, en daardie verhouding is ἐκ→δια , bron-kanaal.

> Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie. Romeine 1:20.

Die boek Romeine vertel ons dat die onsigbare dinge van die Godheid duidelik gesien kan word in die dinge wat geskep is. Watter besondere ding is spesifiek gemaak na die beeld van God? Die man en vrou en die verhouding wat hulle handhaaf met mekaar. Die menslike verhouding tussen man en vrou is geskape na die patroon van die Vader en die Seun, wat die primêre verhouding van die heelal is.

Met hierdie in gedagte, laat ons nog ‘n paar gedeeltes uit die Bybel oorweeg:

> Dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, (3) in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. Kolossense 2:2,3.

Die Vader en die Seun se verhouding is die goddelike teken wat geplaas is op die hierdie skepping, soos ‘n handtekening. As jy in die hemel opkyk, sien jy die teken in die son en die maan. As jy ondersoek instel na die oorsprong van die spesies, sien jy hierdie goddelike handtekening. Hierdie goddelike sleutel verleen toegang tot al die skatte van wysheid en kennis.

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Korinthiërs 3:18

Deur hierdie goddelike handtekening van ἐκ→δια (bron, kanaal) te aanskou in die Vader en die Seun, word ons denkpatrone, ons gevoelens, ons verhoudings en ons studie verander deur hierdie patroon. Ek vind dit absoluut vindingryk dat die geheim tot alle wysheid en kennis geleë is in die kennis van hierdie verhouding tussen die Vader en die Seun. ‘n Verkeerde konsep van Hulle verhouding sal outomaties die sleutel vernietig, en ware wysheid en kennis verberg. Met hierdie ware kennis en ‘n voortdurende oordenking omtrent die Vader en die Seun, sal hierdie patroon aan ons

bewussyn openbaar gemaak word, en harmonie bring aan ons harte en gedagtes, asook aan die harte en gedagtes van dié met wie ons in ‘n verhouding staan.

## Tabel 1: Bron-voorbeelde

| Skrif | | Bron (Vader) - ἐκ→ | Kanaal (Seun) - δια |
|---|---|---|---|
| Hy is die **Beeld van die onsienlike God**, die Eersgeborene van die hele skepping. Kolosense 1:15 | 1 | Onsienlike | Sienlike |
| Hy [Christus], wat die **afskynsel** is van sy [die Vader se] **heerlikheid** en die afdruksel van sy wese… namate Hy ‘n voortrefliker naam geërf het as hulle. Hebr 1:3, 4. **Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is… tot heerlikheid van God die Vader.** Filipense 2:9-11 | 2 | Heerlikheid | Afskynsel / glans |
| Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Joh 5:19. Maar ek wil hê dat julle moet weet **dat … God die hoof van Christus** [is]. 1 Korintiërs 11:3 | 3 | Hoofskap | Onderdanig-heid |
| En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: **Sit** aan my regterhand totdat Ek u vyande **gemaak** het ‘n voetbank van u voete? Hebr 1:13 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige Ps. 91:1 | 4 | Beskermer | Beskermde |
| En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het.” Matt.3:17 “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.” Matteus 4:4 | 5 | Voorsiener/ Gewer van seën | Seën-ontvanger |
| Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek. Jes 57:15. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon Joh 1:14 | 6 | Voortreflik / Hoog verhewe (verder verwyder) | Nader / Intiem naby (nabygeleë) |

| Skrif | | Bron (Vader) - ἐκ→ | Kanaal (Seun) - δια |
|---|---|---|---|
| **Ek het gekom in die Naam van my Vader**, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Joh 5:43 | 7 | Voorgestelde (Gedagte) | Voorsteller (Woord) |

Daar word 'n paar beginsels hierbo voorgestel deur slegs die eienskappe van die Vader en die Seun se verhouding waar te neem. Ons sal hierdie beginsels uitbou in latere hoofstukke.

## Tabel 2: Kanaal-voorbeelde

| Bron – ἐκ→ | Kanaal – δια | |
|---|---|---|
| Man | Vrou | Die **man** [is] die hoof van die **vrou**. 1 Kor 11:3 |
| Ouer | Kind | Eer jou **vader en moeder**. Matt 19:19 |
| Christus | Kerk | die man is die hoof van die vrou, soos **Christus** ook Hoof is van die **gemeente** is. Ef 5:23 |
| Ouderling | kudde | Hou as **herders** toesig oor die **kudde** van God wat onder julle is. 1 Pet 5:2 |
| Regering | Burgers | Laat **elke mens hom onderwerp** aan die **magte wat oor hom gestel is**, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel. Rom. 13:1 |
| Rede | Emosie | Beproef alle dinge; behou die goeie. 1 Tess 5:21 |
| Geloof | Werke | … die **geloof** wat deur die liefde **werk**. Gal 5:6 |
| Christus | Bybel | Hy het begin van **Moses en al die profete** af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat **op Hom betrekking het**. Luke 24:27<br>Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. Joh. 5:39 |
| Ou Testament | Nuwe Testament | Moenie dink dat Ek gekom het om die **wet of die profete** te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar **om te vervul**. Matt 5:17 |

| Bron – ἐκ→ | Kanaal – δια | |
|---|---|---|
| Eerste 4 gebooie | Laaste 6 gebooie | (37) En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (38) Dit is die **eerste** en groot gebod. (39) En die **tweede** wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Matt 22:37-39 |
| Saad | Vrug/Boom | Luk 8:5-8 'n Saaier het uitgegaan om sy **saad** te saai... (8) 'n ander deel het in die goeie grond geval en gegroei en honderdvoudige **vrug** opgelewer." |
| Son | Maan | God het toe die twee groot ligte gemaak: die **groot** lig om te heers oor die dag en die **klein** lig om te heers oor die nag... Gen 1:16 |

Tabel 2 hierbo is 'n spieëlbeeld van tabel 1. Beide is in ἐκ→δια (bron-kanaal) verhouding.

Baie elemente van die goddelike handtekening kan gesien word in ons wêreld. Die posisies van bron en kanaal verander, en word bepaal deur die verhouding. Byvoorbeeld, in die man en vrou se verhouding is die man die bron, en die vrou is die kanaal. In die moeder en kind se verhouding is die moeder die bron en die kind die kanaal.

Indien ons die beginsels van die goddelike patroon, soos beskryf in die eerste tabel, toepas op die verhoudings beskryf in die tweede tabel, ontdek ons die geheim tot harmonieuse beweging van aardse liggame, in harmonie met die primêre, hemelse, goddelike liggame van die heelal – die Vader en die Seun.


Dit is belangrik om daarop te let dat die bron, soos aangedui in tabel twee, se gesag afhanklik is van God, wat dit gegee het. Daar is geen gesga op die aarde wat totaal onafhanklik is nie, en elke verwagting wat gestel word van die onderskeie kanale, moet in harmonie wees met die uiteindelike gesag van God. Indien dit nie in harmonie met God is nie, is dit die reg en verantwoordelikheid van die een wat in die kanaal staan, om met respek 'n appél te rig aan die hoër gesag.

Om hierdie beginsels op te som:


1. Die sigbare en onsigbare: die kanaal is die weg tot die bron.
2. Heerlikheid en Afskynsel/Glans: die kanaal verheerlik en eer die bron.
3. Hoofskap en Onderdanigheid: die kanaal is onderdanig aan die bron.
4. Die bron beskerm die kanaal.
5. Die bron seën die kanaal.
6. Die bron voorsien aan die kanaal.
7. Die bron word verteenwoordig deur die kanaal.

Die lys begin met die optrede van die kanaal, want dit lei tot die bron, net soos Christus ons lei tot die Vader. Wanneer ons dan met die Bron verbind is, is dit vir ons moontlik om Sy dade te doen en te openbaar.

Hierdie beginsel wat ons beskryf voorsien die kern van die goddelike patroon. Om werklik die prag en die simmetrie van hierdie patroon te waardeer, moet ons natuurlik 'n vergroting voorsien van hierdie voorbeelde in Tabel 2. Dit is die doel van die boekies in die res van hierdie reeks.


Man en Vrou



Ouer en Kind


Christus en sy Kerk


Saad en boom


Son en Maan

# 6. Die Stroom van Lewe



Om ons ondersoek in verband met die goddelike patroon af te rond, moet ons nog die vraag beantwoord, "Bron en kanaal van *wat*?" Laat ons terugkeer na die sleutelvers:

> Tog is daar vir ons maar een God, die Vader **uit wie alles is**, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus **deur wie alles is**, en ons deur Hom. 1 Korintiërs 8:6.

Die antwoord is doodeenvoudig: *alles*. Maar wat is alles ingesluit in *alles*?

> En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. Openbaring 22:1

Die Lam in hierdie vers is 'n verwysing na die Seun van God (Joh.1:29). Alle lewe kom van die Vader en word deur die Seun gekanaliseer. Die Vader is die bron van lewe, en die Seun is die kanaal van die lewe. Hierdie lewe vloei na ons deur die Gees van God. Daar word ook na die Gees in die Bybel verwys as water, wind en ook vuur. Dit is deur die Gees van God dat ons die volheid van die Vader se seëninge ontvang. Die

enigste plek waar ons hierdie Gees van God kan ontvang, is deur die kanaal – die Seun van God.

> Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. (22) En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. Johannes 20:21, 22.

Op die huidige oomblik ontvang die hele wêreld lewe op aarde as gevolg van die genadegawe van Jesus aan die kruis. Hulle wat weier om te aanvaar waar hierdie lewe vandaan kom, sal hulself uiteindelik van die bron afsny. Om hierdie lewe tot in ewigheid te kan ontvang, het ons nodig om die bron en kanaal gerigtheid van die Vader en die Seun te erken.

> En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. (12) Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Johannes 5:11,12

Die Lewe is die eerste van baie seëninge wat op ons uitgestort word. Hier is nog voorbeelde:

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16

> Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. 1 Johannes 4:9

Liefde vind sy oorsprong in die hart van die Vader, en word aan ons geopenbaar deur die kanaal van Sy Seun. Liefde is dus die stroom wat vloei vanuit die bron na en deur die kanaal. Die stroom van liefde kan op verskeie maniere voorgestel word in die patroon:

| Bron – ἐκ → (Onsienlike) | Kanaal – δια (Sienlike) | Stroom/Lewe - ζωη |
|---|---|---|
| Gedagte | Woord | Liefde |
| Gedagte | Omhelsing | Liefde |
| Gedagte | Gawes | Liefde |

Gedagtes van liefde wat nooit uitdrukking vind of gedemonstreer word nie is asof dit nooit bestaan en wanneer dit nie bekend is nie, kan dit nie ontvang en ondervind word nie. Hoe belangrik is die kanaal van die Seun van God in die Goddelike Patroon om die hart van die Vader te ken?

Om terug te kom na die voorbeeldvan die son en maan ontdek ons nog ‘n belangrike beginsel. Wanneer ons die konsep oorweeg van die lig van kennis wat ‘n verduisterde verstand binnedring, kan wanneer direk na die son gekyk word vanuit so ‘n duistere gemoed, blindheid veroorsaak. As dieselfde sonlig ontvang word as die weerkaatsing van die maan, kan daardie lig ontvang word sonder enige skade.

| Bron – ἐκ → (Onsienlike) | Kanaal – δια (Sienlike) | Stroom/Lewe - ζωη |
|---|---|---|
| Son | Maan | Lig |
| Ouer | Kind | Kennis |

Soos fisiese lig na ons kom deur die goddelike patroon, so kom kennis van ons wêreld na ons deur onderrig. Ons ouers en onderwysers gee ons onderrig sodat ons kan leer. Ons mag dalk self kies om te lees, maar ons moet geleer word om te lees, en ons moet blootstelling kry aan boeke wat deur ander geskryf is. Kennis en wysheid word verkry deur die stroom van onderrig. Ons word nie gebore met ‘n kitsklaar kennis omtrent die heelal en ons onmiddellike omgewing nie; ons het dit geleer van ‘n mentor of onderwyser. Hier is ‘n paar voorbeelde om te oorweeg:

| Bron – ἐκ → (Onsienlike) | Kanaal – δια (Sienlike) | Stroom/Lewe - ζωη |
|---|---|---|
| Ouer | Kind | Lewe, liefde, seëninge, beskerming, kos, genade, kennis, aanvaarding, positewe bevestiging, teregwysing, orde |
| Onderwyser | Leerder | Kennis, positiewe bevestiging, teregwysing, seëninge, orde |
| Christus | Kerk | Lewe, liefde, genade, seëninge, kennis, teregwysing, orde |


| Bron – ἐκ → (Onsienlike) | Kanaal – δια (Sienlike) | Stroom/Lewe - ζωη |
|---|---|---|
| Ouderling | Skape van sy wyde | Liefde, seëninge, kennis, beskerming, teregwysing, orde |
| Regeerder | Inwoners | Kennis, beskerming, positiewe bevestiging, orde |

Dus bevat die goddelike patroon die volgende:

1. Bron
2. Kanaal
3. Stroom

Deur die korrekte gerigtheid van die bron en kanaal, kan die stroom begin vloei en lewe, seëninge, vrugbaarheid en voorspoed bring. Indien dit nie korrek gerig en verstaan word nie, proe ons die wrang vrugte van vervloeking, verval en uiteindelike dood.

# 7. Die "God van Hierdie Wêreld" en die Ontstaan van Opponerende Magte



As jy in die parlemente van meeste demokratiese nasies instap, sal jy 'n verskeidenheid verteenwoordigers vind wat hulself met die regering vereenselwig, en terselfdertyd sal jy 'n verskeidenheid ander verteenwoordigers vind wat geklassifiseer word as die opposisie. Dag in en dag uit debateer hierdie opponerende magte die dringende kwessies van die nasie. Elke spreker probeer die gehoor oorreed omtrent die voordele van sy argumente. Die besprekings is baiemaal skerp en snydend met hoë spanningsvlakke. Hierdie proses is 'n metode wat ontwerp is om konflikte op te los, en is sentraal tot Europese en Indiese filosofie sedert antieke tye. Dit is populêr gemaak deur Plato in die Sokratiese dialoë. Dit is bekend as *Dialectic* in Grieks, en vorm deel van die oorheersende denkpatroon in vandag se wêreld.[12] Al is hierdie magte duidelik in opposisie met mekaar, word dit verstaan dat dit eintlik mekaar komplimenteer, en die sinteses (samevattings) wat voortkom vanuit hierdie debat, word veronderstel om 'n hoë mate van waarheid en uitnemendheid te dra, vir dié wat betrokke is en vir dié wat verteenwoordig word.

As ons hierdie beginsel vanuit 'n oosterse perspektief beskou, vind ons die Chinese filosofie van "Yin and Yang" waar oënskynlike opponerende magte, soos lig en duisternis, vuur en water, manlik en vroulik, eintlik mekaar komplimenteer, en saamwerk om harmonie en balans te bewerkstellig.[13] Hierdie beginsels is populêr gemaak deur die Star Wars films, wat lig en duister magte teen mekaar opstel, om uiteindelik balans te bring in die mag (the *force*).

Hoe verduidelik ons hierdie oënskynlike opposisies, 'n wêreld van spanning wat klaarblyklik orals om ons en in ons bestaan? As ons net ons sintuie toelaat om ons gids te wees, blyk dit dat daar nog baie bewyse is vir so 'n siening. Om die

[12] https:en.wikipedia.org//wiki/Dialectic
[13] https:en.wikipedia.org/wiki/Yin_and_Yang

openingswoorde te leen van die Star Wars reeks mag ons sê "A long time ago, in a galaxy far, far away."

As ons nou weer kyk na die profesieë van ouds, ontdek ons die begin van hierdie opponerende stelsels.


> Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jesaja 14: 12 - 14

Lucifer is as 'n pragtige engel geskape, en was eerste in rangorde tussen die engele. Hy is binne 'n heelal gebring wat volgens die beginsel ἐκ→δια = ζωη, bron-kanaal-lewe, gefunksioneer het. Daar was perfekte harmonie terwyl elke geskape wese die groot Bron van alle dinge genader het deur die voorbeeld van die groot δια - die Seun van die Vader. Die soete harmonie wat tussen die Vader en die Seun bestaan het, is gedeel deur al die inwoners van die heelal, solank as wat hulle die Seun van God as hul voorbeeld en hoeksteen van hul eie persoonlike identiteit beskou het. Daar kan slegs een ware ἐκ→ wees, die een uiteindelike Bron van alles, en dit is die Vader. Die hamonie van die heelal was afhanklik van 'n aanhoudende inagneming hiervan. "Die Here onse God is 'n enige Here." Deuteronomium 6:4.

Lucifer het begin glo dat alles wat aan hom gegee was, syne was deur goddelike reg, en dat hy in homself sy eie god was. Hierdie leuen het gelei daartoe dat hy homself soos die Allerhoogste – die Vader - beskou het. Lucifer wou nie die Vader ellimineer nie, maar wou homself as sy inherent-gelyke eweknie beskou. Hy wou nie die Vader langer deur die δια lens van die Seun van God aanskou nie. Hy het 'n totaal gelykmakende model (wat strewe na maatskaplike en politiek gelykheid) voorgestaan, waar elkeen hulself as die ἐκ→ bron kon beskou. Dus het Lucifer die heerskappy in die heelal voorgestel as:

ἐκ→ en ἐκ→

(bron) en (bron)



Hierdie formule wat hy voorgestaan het, sou die natuurlike ἐκ→δια =ζωη bron-kanaal-lewe verhouding tot 'n einde bring. Die magte van twee absolute ἐκ→

bronne sou lei tot natuurlike spanning wat ‘n balans vereis om die eenheid te herstel.

As ‘n formule mag ons dit dalk as volg voorstel:

ἐκ→ζωη←ἐκ

(bron) ↓ (bron)

ἐκ(bron)



Die botsing van twee ἐκ→ magte veroorsaak die samestelling of sintese van twee in ‘n mistiese eenheid. Die individu se identiteit word opgeoffer deur die kompromie van persoonlike oorwegings ter wille van gemeenskaplike wins. Dit wil voorkom of harmonie en balans herstel is. Hierdie nuwe formule word gekenmerk deur die wegdoen van die δια-kanaal beginsel. Om harmonie in die heelal te handhaaf word aanhoudende konflik en oplossings vereis, terwyl elke individu sy eie persoonlike identiteit vind gebaseer op die ἐκ→ bron. Lucifer het elkeen wat na hom wou luister, belowe:

> …maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat **julle soos God sal wees** deur goed en kwaad te ken. Genesis 3:5

Dus was dit van die begin af Lucifer se doel om die groot δια - die Seun van God - te elimineer.[14] Nadat hy weggedoen het met die Seun, het hy almal uitgenooi om deel te hê aan die universele bron, deur enige filosofiese metode wat elkeen mag verkies. Hetsy deur panteïsme[15], of deur die aanbidding van ‘n god wat mede-gelykheid beoefen, of wat so word, dit maak nie regtig saak nie, solank die δια kanaal-beginsel in werklikheid nie meer bestaan nie. Mens kan voorgee om die δια kanaal-beginsel te vertoon, solank as wat die kern van die saak is om die ἐκ→ bron te verwesenlik.

Dit is die oorsprong van die groot stryd in die heelal. Dit is ‘n oorlog tussen twee sienings van die fundamentele verhouding tussen die twee groot hemelse wesens.

| Die Goddelike Patroon van die Skrif | Die god van hierdie wêreld se patroon |
|---|---|

[14] Johannes 8:44 – “…hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af…”

[15] Panteïsme is enige godsdienstige of filosifiese doktrine wat God identifiseer met die heelal, of dat God die heelal is.

| ἐκ → δια = ζωη<br>bron → kanaal = lewe | 1.ἐκ→ ζωη ←ἐκ<br>(bron) ↓ (bron)<br>2. ἐκ (bron) |
|---|---|

Die patroon van die god van hierdie wêreld is geërf deur die stigters van ons ras toe hulle die leuen geglo het, "…julle sal gewis nie sterwe nie… sodat julle soos God sal wees." Gen.3:4, 5. So het ons die harmonieuse posisie van die δια verruil vir die aanhoudende proses van konflik tussen onsself en met God, om ons eie ἐκ→ bron te word. Die manier hoe die wêreld die groot δια hanteer het toe Hy na hierdie wêreld gekom het, is bewys dat hierdie leuen nou natuurlik binne die mens bestaan. Hy was aan 'n kruis gehang en gedood. Hierdie sagmoedige en nederige karakter van die Seun van God, wat gehoorsaam was aan sy Vader in alles, was nie in harmonie met die idees wat ons geërf het nie. Ons eerste ouers het hierdie godslasterlike patroon direk van die bron daarvan ontvang: Lucifer.

Dit is interessant dat die konsep van die "*Dialectic*" in die filosofie van Heracletus van Efese (535 – 475 v.C.) bestaan het en hy het aangevoer dat alles in voortdurende verandering betrokke is as gevolg van innerlike stryd en opposisie.[16] Die Skrif ontbloot die bron van hierdie innerlike stryd deur Satan se valse konsep van God, wat die δια identiteit vernietig, te ontmasker. Dit is hoekom Paulus skryf aan die Korintiërs:

> Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, (4) naamlik die ongelowiges, in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. 2 Korintiërs 4:3, 4.

Dit is onmoontlik om die Goddelike Patroon te verstaan en ware harmonie te vind, as ons gedagtes verblind word deur die god van hierdie wêreld. Ons gedagtes moet herstel word en wedergebore word in 'n korrekte siening van die Goddelike Patroon. Met ander woorde, ons moet om vergifnis vra vir die aanbidding van valse idees. Hierdie proses word vergelyk met die dood in die Bybel, want dit behels 'n totale oorgawe en verwerping van alles wat logies en redelikvoorkom wanneer dit gesien word deur die lens van die god van hierdie wêreld. Die enigste manier om terug te kom na die δια beginsel is om Hom, die Seun van God, te vra om jou te help en jou te

[16] https://en.wikipedia.org/wiki/Dialectic#Principles

leer. In onsself is dit onmoontlik, want ons gedagtes is gerig in die teenoorgestelde rigting, onder die invloed van die Luciferiese lering.

As ‘n inleiding tot die baie probleme wat veroorsaak word deur die “god van hierdie wêreld,” laat ons die idee van waarheid ondersoek. Binne die Goddelike Patroon kom “alles” van die Een ἐκ→ bron, wat beteken dat daar net een absolute waarheid of bron van waarheid is. In die eerste fase van die “god van hierdie wêreld” se patroon (of ‘n skepsel-patroon) is daar ten minste twee bronne van waarheid. Wanneer ons die patroon om alle skepsels te verhoog na die ἐκ→ bron, begin herhaal, het jy baie weergawes van waarheid. Dit lei logies na die grondbeginsel van die Deense filosoof Soren Kierkegaard (1813 – 1855): “Subjektiwiteit is waarheid en waarheid is subjektiwiteit.” Verskillende waarhede is in stryd met mekaar of word op ‘n mistiese wyse gekombineer deur mag. Hoe ook al, hierdie patroon waar meer as een bron teenwoordig is, is hoogs onstabiel, want dit is op sand gebou. Waarheid word gestroop van objektiwiteit. Dit kom neer daarop dat mens enigiets kan gebruik om ander te oortuig van jou eie “waarheid.”

Die metodes beskikbaar sluit in manipulasie, bedrog, en uiteindelik ook fisiese krag, om jou eie “waarheid” vas te lê, want daar is geen absolute waarheid in die “god van hierdie wêreld” se patroon nie. Die geskiedenis ontbloot dat die hoofrolspelers, wat hierdie metode gebruik, aan verskillende groepe mense verskillende “waarhede” kan voorlê, selfs al is hierdie idees in konflik met mekaar. Deur verskeie opponerende “waarhede” saam voor te lê, bring jou eie kern-identiteit tot nul en gener waarde. Dit gee waarde aan opleiding van politici sodat hulle hul eie waarhede kan verkondig, om sodoende die massas te paai, sodat ons onder die indruk gebring word dat baie leiers slegs vir hul eie idees sal staan, sodat hulle kan bo uitkom. Die individue wat hulle eie “waarhede” aan die meerderheid kan verkoop, hoe teenstrydig hierdie waarhede ookal is, kan die nodige stemme kry sodat hulle “waarhede” die groep domineer. Die politieke prosesse van al die nasies van hierdie wêreld bestaan daaruit dat waarhede verdraai en ingemasseer word, wat die individue in elke nasie frustreerd laat weens misleiding. Hierdie gevoelens van frustrasie as gevolg van misleiding mag lei tot revolusie en herposisionering van magte. Terwyl die leierskap verander, kom die probleme weer vorendag, want dit is gebou op dieselfde konsep van waarheid.



Laat ons die innerlike konflik, waarvan Heraclitus van Efese gepraat het, ondersoek. Ons sal sien hoe die Luciferiese lering konflik veroorsaak in die verhouding tussen die gedagtes en die liggaam, sowel as in die verhouding tussen die rede en emosies.

# 8. Sabbat vir die Siel: Om Innerlike Rus te Vind

Die Bybelse verhaal van die skepping van die mens wys daarop dat:

> … die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. Genesis 2:7.



Dus lees ons hieruit dat die mens 'n kombinasie is van liggaam en asem/wind/gees. Wat is die verhouding tussen hierdie twee elemente van liggaam en gees, of liggaam en gemoed? As jy die internet deursoek vir "Mind Body Problem" vind jy 'n groot verskeidenheid literatuur omtrent hierdie onderwerp.

> "Een van die sentrale vrae in sielkunde ( en filosofie) is omtrent hierdie liggaam/gemoed probleem: Is die gemoed deel van die liggaam, of is die liggaam deel van die gemoed? As hulle afsonderlike entitteite is, wat is die wisselwerking tussen hulle? Watter een van die twee is in beheer?"[17]

Laat ons hierdie vrae ondersoek aan die hand van die twee patrone wat ons bepreek het:

| Die Goddelike Patroon van die Skrif | Die god van die wêreld se patroon |
|---|---|
| ἐκ → δια = ζωη<br>Bron → Kanaal = Lewe | 1.ἐκ → ζωη ← ἐκ<br>(bron) ↓ (bron)<br>2.ἐκ(bron) |

Om die elemente van die Goddelike Patroon te identifiseer, is eenvoudig wanneer ons die sienlike/sigbare en onsienlike/onsigbare beginsel toepas. Die gemoed is duidelik onsigbaar, en die liggaam is sigbaar.

Gemoed → liggaam = lewe

---

[17] http://www.simplypsychology.org/mindbodydebate.html

As ons die toepaslike eienskappe van die goddelike patroon toepas, vind ons dat die verstand die hoof is van die liggaam. Die liggaam is die kanaal waardeur die denke openbaar word. Die denke word deur die stem en aksies van die liggaam gemanifesteer. Die apostel Paulus beskryf dit so:

> Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie. 1 Korintiërs 9:27

Die liggaam is ondergeskik aan die verstand geplaas. Dit is op hierdie punt dat ons versigtig moet wees dat ons toepassing aan al die eienskappe van die Goddelike Patroon voldoen. Die verstand is die beskermer van die liggaam en daarom wil die verstand seker maak dat die liggaam gevoed word, oefening kry, en genoeg rus vind. Dit is in kontras met die platoniese idee wat lei tot die onderdrukking van die liggaam, wat lei tot kloosterwese[18] en die onnodige kastyding van die liggaam. Hierdie idee is een van die natuurlike uitvloeisels van die skepping-patroon, soos ons sal sien. In hierdie model sien ons:

1. Verstand → lewe ← Liggaam (dualisme)
   OF
2. Verstand/liggaam (Monisme)[19]

Indien die verstand en liggaam verstaan word as twee bron-entiteite, ontstaan die stryd om hierdie twee opponerende magte te harmoniseer. Een van die mees algemene probleemsituasies wat opduik binne hierdie patroon van die lewe, is die vraagstuk omtrent honger. As die liggaam die hongerseine stuur, en dit handhaaf dieselfde status as die verstand, wie besluit wat en hoeveel sal geëet word? Met ander woorde, is die hongersein ‘n versoek of ‘n opdrag? Binne die Goddelike Patroon is dit ‘n versoek aan die verstand. Die verstand besluit of hierdie versoek die liggaam sal goed doen of skade aandoen, en die verstand gee die opdrag. As die liggaam ondergeskik staan aan die verstand, en die verstand sê NEE, sal daar geen konflik ontstaan nie. Indien die liggaam, en veral die laer deel van die brein, nie ondergeskik is aan die brein se frontale lob nie, sal daar ‘n stryd onstaan binne die

---

[18] Kloosterwese: godsdienstige lewe waarin daar weggeskram word van all wêreldse neigings sodat die mens homself heeltemal toewy aan geestelike werk. Kloosterwese praktiseer rigiede liggaamlike kastyding om sodoende die vleeslike begeertes te onderdruk.

[19] https://en.wikipedia.org/wiki/mind-body_problem

verstand of daar geëet moet word al dan nie. Hierdie stryd word op groot skaal wêreldwyd gevoer deur kwessies soos vetsug en lewensstylverwante siektes, wat ontstaan omdat die verstand verlaag is na ‘n tweedeklas posisie tot die liggaam.

Binne die Goddelike Patroon word harmonie gevind tussen die verstand en die liggaam, deurdat die verstand heers oor die liggaam deur daarna om te sien en te beskerm. Daarmee saam koester die liggaam die verstand deurdat dit die gedagtes opkikker en uitdrukking gee aan die gedagtes en die wil. So lank as wat die verstand en die liggaam die patroon van die ἐκ→δια bron-kanaal formule volg, sal dit binne hierdie orde funksioneer, sodat die stryd binne die siel tot ‘n einde kom en werklike rus dan intree. Dit is die kwaliteite van die Seun van God, die groot δια van die heelal, wat rus verseker. Soos Jesus ons geleer het:

> Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
> Matteus 11:28.

Harmonie tussen die verstand en die liggaam word bewerkstellig wanneer ons die δια beginsel van Christus in ons lewens inbou om die kanaal-aspek van ons lewens to beïnvloed. Hierdie harmonie bring die Sabbat, of die Rus van die verstand.

Die verstand-en-liggaam-kwessie kan verder uitgebou word na die verhouding tussen die rede en die emosies. Laat ons weer die twee formules toepas. Ons leidraad in die Goddelike Patroon is die onsigbare rede en die sigbare uitdrukking van emosies.

Rede → Emosies = Lewe


Daarteenoor staan die god van “wees jou eie god” skepsel-patroon, wat aanvoer:

1. Rede → Lewe ← Emosies
   ↓
2. Dominansie van Rede “Rasionalisme”[20]
   OF
3. Dominansie van Emosie “Laat jou gevoelens jou lei.”

Studies wat handel oor rede en emosie bring baie raad na vore om hierdie twee te harmoniseer. Deur die rede en emosies te beskou as twee bronne met opponerende beginsels, is daar ‘n interne stryd tot oorheersing. Plato druk dit uit as ‘n swart perd


[20] https://en.wikipedia.org/wiki/Chariot_Allegory

en 'n wit perd wat ons wa deur die lewe trek. Vir Plato was rede die wit perd, en emosie was die swart perd, 'n idee wat uitdrukking gee aan die opponerende natuur van die verhouding.



Die wit en swart opposisie het in die Ooste een stap verder gegaan deur die "Yin  and Yang" beginsel. Hierin is die hart van die wit, swart, en die hart van die swart is wit. Weereens vind ons gedeeltelike uitdrukking daarvan in die Star Wars filmreeks, waar die hart van die Jedi-etiek uitgedruk is deur kalm, berekende dissipline, wat deur gevoelens beheer word.

Ons kan reageer deur te sê dat die hart van emosie is rede, maar dit omsluit 'n dialektiese sirkel, wat rekursief lei tot 'n mistiese, onverstaanbare bestaan. Die "verligtes" vertel jou, indien jy dit bevraagteken, dat jy jou gemoedstoestand openbaar as dié van 'n beginner. Jy moet eenvoudig toelaat dat jou hart dit wat jou verstand nie kan aanvaar nie, omarm. "Dit is 'n verborgenheid; aanvaar dit maar net."





Al hierdie stryd, konflik en verwarring kan neergelê word deur die aanvaarding van die Goddelike Patroon, asook die beginsel van hoofskap-onderdanigheid binne die rede en die emosies, waar emosies uitgedruk word as 'n verheerliking van die gedagtes van die hart. Die eniggebore Seun nooi ons uit om te eet van die δια Brood van die Lewe, om ware harmonie te herstel, en om rus te bring binne ons verstand en ons liggaam.

# 9. Die Nou Weg na die Goddelike Patroon



Het jy al iemand dopgehou wat basissppronge ("base jumping") doen vanaf 'n hoë gebou of die rand van 'n afgrond? Basissprong is 'n sport van uitermate, waartydens jy vanaf 'n hoë gevaarlike basis spring om dan 'n valsskerm te ontplooi net voordat jy die grond tref. Ek het al 'n aantal videos gekyk op die internet, wat tydens hierdie sport verfilm is. Die springers vertel van die vrees wat oorkom moet word voordat jy spring. Om die verandering te maak van die patroon van die god van hierdie wêreld na die Goddelike Patroon, vereis dieselfde proses. Wanneer ons die Goddelike Patroon voorstel in die konteks van die heilige berg van God, waar die Vader woon op die top van die berg, sien ons die volgende:




Bron

Kanaal


Die Bybel vertel ons omtrent die Vader:

> Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek … Jesaja 57:15

Die Vader woon op die top van die berg en en alle toegang tot Hom is deur Sy Seun. Die Seun van God verteenwoordig 'n posisie van nederigheid en gehoorsaamheid aan Sy Vader. Die Seun het alles geërf wat aan sy Vader behoort, maar Hy bly steeds onderdanig en gehoorsaam aan die gesag van die Vader. Lucifer, wat Satan geword het na sy val, het begeer om tot in die hoogtes van die wolke te styg, en om soos die Allerhoogste te word.

> En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jesaja 14:13, 14

Die proses van selfverheffing kan as volg voorgestel word:




Bron↔Bron

Om jouself te verhef tot gelykheid aan God, om in die tempel van God te sit, en te beweer dat jy God is, is om ‘n uitermate hoë posisie te soek. Dit is ‘n plek waar ons nie hoort nie, en daarom plaas dit ons op die rand van ‘n baie hoë afgrond. Om terug te kom na ons ware posisie, in onderdanigheid aan die groot ἐκ→ Bron van die heelal, vereis van ons om van hierdie posisie af te spring. As ons self hierdie sprong onderneem, sal ons sterf en vir ewig verlore wees. Daar is een Wese in die heelal wat hierdie sprong kon maak en vir ons die weg geopen het om weer ons oorspronklike posisie binne die Goddelike Patroon in te neem. Die Seun van God is op gelyke voet gestel met die Vader. Hy beklee die posisie om saam met die Vader op die top van die berg te staan. Uit jammerte vir die gevalle menslike ras het Hy die wonderbaarlike sprong gemaak, sodat Hy ons weer kan terugbring in ‘n ware verhouding met die Vader.

> Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. (6) Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; (8) en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Fillipense 2:5-8

In Sy groot sprong van die bopunt van die berg, het die Seun van God vir ons die weg oopgestel om terug te kom in die Goddelike Patroon, en om weereens die beginsels van die δια Seun van God te leer ken. Die uitdaging vir ons is dat ons nie ‘n valsskerm het nie, en dat ons sprong sekerlik na ons eie dood sal lei. Van die bopunt af is dit glad nie duidelik dat Christus ons vashou onderweg na onder nie. Hy neem die impak van die val namens ons, omdat Hy eenkeer vir ons almal gesterf het.

Nogtans kom die begeerte om te spring net na dié wat ontdek dat die hoë posisie langs God ‘n godslasterlike posisie is. In ons natuurlike staat sien ons geensins fout met ons huidige posisie nie, want die god van die wêreld het ons verblind vir hierdie verskriklike godslastering. Vanaf die top van die berg donder die Wet van God:

> Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Eksodus 20:3

As ons die blitse sien en die donderweer hoor, en die berg voel skud, word ons bewus van die gevaar waarin ons verkeer vanweë ons posisie. Ons voel die nood om te spring, maar ons sit met 'n vrees dat ons na ons dood sal val, dus bly ons maar in ons haglike posisie aan die bopunt van die berg. Die feit van die saak is: die enigste rede hoekom ons nie sterf nie, is die gebed van Christus toe Hy aan die kruis gesterf het: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Om van die berg af te spring, beteken onmiddellike dood, want as ons onsself wil verhef, sal ons sterf. Christus pleit vir ons by die Vader, om ons tyd toe te laat om ons groot sonde te besef. Net as ons dit sien, kan ons deur die wet van God getrek word om in Sy arms te vlug. Dan alleen kan ons toelaat dat ons gekruisig word en wedergebore word in die δια lewe. Ons bevind onsself, soos ons eerste ouers, onderdanig geposisioneer onderaan die berg, wagtend om opgeroep te word, beklee in die δια kanaal se kleed van die Seun van God.

Die plek waarvandaan gespring word, word in die Skrif die nou poort genoem. Dit is 'n baie nou poort waar ons die omarming van die Seun van God mag voel en saam met Hom kan spring.

> Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Matteus 7:13.

VIr die meeste mense is hierdie nou poort beide moeilik om te vind en moeilik om deur te gaan. Eerstens is dit moeilik om te vind, want ons ondervind nie die natuurlike behoefte daarna nie. Indien ons die poort vind, vra dit van ons om alles agter te laat wat hierdie lewe aan ons bied. Ons moet gewillig wees om soos die kameel deur die oog van die naald te gaan. Die naald was 'n baie kort, nou opening in die muur van die stad Jerusalem. As die hekke van die stad eers gesluit was, was hierdie plek die enigste manier om in die stad te kom. 'n Handelaar moes al die verkoopsware van sy kameel afhaal en moes die kameel laat kniel om op sy knieë deur hierdie gat te kruip. Dit is waarom dit so moeilik is vir 'n ryk man (een wat trots is op homself, wat homself verhef, en wat vashou aan al die "goed" wat hom selfwaarde gee) om deur die nou poort te kruip. (Matt.19:24).

Wanneer die wet van die berg donder in liefdevolle waarskuwing, sal die bedwelmende leuen dat ons ons eie ἐκ→ bron is, baie laat spot oor sulke waarskuwings, dat dit fiksie is. Hierdie spotters beheer die onsekeres.

Ander leer dat die wet nie meer belangrik is nie, want dit is vervul en afgehandel aan die kruis. Die vernederende sprong van Christus na sy dood was genoeg. Ons hoef nie saam met Hom te spring nie. Ons hoef nie onsself te verneder op so 'n hartverskeurende manier nie. Deur hierdie en baie ander uitvindsels, word die nou poort versteek vir baie in die wêreld en hul bly op die berg staan, sonder die δια kleed van die Seun van God.

Dié wat sonder hierdie kleed op die berg gevind word, tydens die huwelik van die Seun van God met die Kerk, sal alleen van die berg moet spring. Keer op keer roep die Seun van God na die verlore skape op die berg, Hy loop ver om die verdwaalde skape weer terug te bring, maar hulle wil nie hoor nie. Die uitroep word gehoor, "Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie." Dus moet hulle spring sonder 'n middelaar. Dit sal totaal onnodig wees.



Om op die bopunt te staan en af te kyk na duisende meters daaronder is baie uitdagend. Dit voel na 'n doodsprong, maar Jesus Christus verseker ons:

Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe. Johannes 12:25

Soek jy na die vreugde en voorspoed wat jy kan geniet indien jy die Goddelike Patroon aanvaar en die sleutel ontdek tot harmonie en herstel van alle verhoudings waarin jy betrokke is? Laat die wet van God in jou siel donder, laat jou oë geopen word om die boosheid van die geloof dat jy jou eie ἐκ→ bron is, te sien. Indien jy nie kan sien hoe hierdie die gemeenskaplike ervaring is wat geërf was van ons eerste ouers nie, bid dan vir oë wat sien, en ontdek dan in die pyn van gebroke verhoudings en in jou interne stryd, dat die virus van die skepselpatroon jou verstand en liggaam teister. Kom na die nou poort en en laat staan die dinge waaraan jy vashou, dinge wat jou definieer en sien in Christus een wat jou nooit sal verlaat gedurende jou val

na die vallei van nederigheid nie. Jesus wys ons die pad van seëning. Eknooi jou uit om dit deeglik te studeer en om elke punt te omarm.

En Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:

> (3) Salig *is* die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
> (4) Salig *is* die wat treur, want hulle sal vertroos word.
> (5) Salig *is* die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
> (6) Salig *is* die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
> (7) Salig *is* die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
> (8) Salig *is* die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
> (9) Salig *is* die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
> (10) Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
> (11) Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
> (12) Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.
> Matteus 5:2-12.

Jesus sê:

> Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
> Matteus 11:28

Dit mag 'n hele aantal dae neem om jou hart te deursoek. Jy mag al gedink het dat jy op die pad van Christus is, maar jy weet ook dat die stryd binne jou bitter min verandering aan jou karakter gebring het. Vandag is die dag van redding. Christus staan gereed om jou hand te vat en jou af te neem die vallei in. Ek nooi jou uit om die eerste tree te neem, asook die sprong van geloof, nie 'n sprong van onkunde nie, maar 'n sprong in die volle wete omtrent die verkeerde manier waarop ons almal lewe. Ek weet jy sal nie hierdie besluit betreur nie.

> Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Johannes 6:37.

# 10. Die Volgende Stap

In hierdie boekie is sommige van die fundamentele beginsels van die Goddelike Patroon uiteengesit. Daar wag nou ‘n wêreld wat ontdek moet word omtrent die werking van die bron en kanaal in alle areas van jou lewe, wat gevind word in die Vader en die Seun. Hierdie is die eerste in ‘n reeks boekies wat die verskillende aspekte van die Goddelike Patroon uiteensit. Op ons reis wil ons die Goddelike Patroon van liefde ondersoek, asook die Goddelike Patroon van die huwelik, Die Goddelike Patroon van die wet, die Goddelike Patroon van aanbidding en die Goddelike Patroon van finansies. Ek bedank jou dat jy die reis sover met my meegemaak het. My gebed is dat dit ‘n seën is vir jou. Mag die woorde van die Vader tot jou spreek:

> My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar, (2) sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; (3) ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, (4) as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, (5) dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (6) (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand, (7) en Hy bewaar hulp vir die opregtes, Hy is ‘n skild vir die wat regskape wandel (8) deurdat Hy die paaie van die reg bewaak en die weg van sy gunsgenote bewaar). Spreuke 2:1 – 8.

> Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. 1 Korintiërs 8:6.

> Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Johannes 14:6.

> Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape. (8) Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. (9) Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Johannes 10:7 – 9.

> Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, ‘n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; (24) maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. 1 Korintiërs 1:23, 24

> …tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, (3) in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. Kolossense 2:2 – 3.

**Universele patrone** van lewe is oral om ons. Hul oorsprong is die oorspronklike Goddelike Patroon wat afkomstig is van die Vader, deur die Seun, en word gevind op elke vlak van die lewe.

Die son en die maan, saad en plante,
ouer en kind, koning en koninkryk,
Ou Testament - Nuwe Testament,
die Patroon van Bron en Kanaal
is die Sleutel.

‘n Ondermynende, teenstrydige patroon het sy weg gebaan na die harte van mans, en vroue, en na die kern van die gemoedere van heersers en leiers. Almal moet hulle keuse maak omtrent die patroon van lewe of dood. Die Heilige Skrifte moedig ons aan om die keuse te maak:

# Die Goddelike Patroon van die Lewe